NOVEMBER / DESEMBER 2016

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

## Geroep om te Dien

# VRYHEID VAN VREES

## - DEEL 2

"Nadat ek my oudste dogter ingeskryf het by die Kansai Christenskool (KCS) het ek begin vriende maak met die sendelinge en onderwysers. Ek was beïndruk met hulle opregte geloof. Na 'n ruk het ek ook gebid dat ek Jesus as my Verlosser wil aanneem. Uiteindelik het my kinders ook die Here aangeneem. My man het vir 'n rukkie die kerk bygewoon, maar toe besluit dat die tradisionele Japannese manier meer geskik was vir hom.

Vyftien jaar nadat ek 'n Christen geword het, het my gedagtes begin dwaal en is my geloof kwaai getoets. Ek het depressief geraak, deels omdat my ma behandeling vir kanker ontvang het. Gedurende hierdie tyd, toe dit lyk of niks wil help nie, het 'n vrou wat spiritisme beoefen het, my gebel en aangebied om vir die genesing van my ma te bid. Ek het nog nooit met sulke mense te doen gehad nie, maar het tog ingestem tot hierdie voorstel, want sy was baie invloedryk en is deur 'n naby familielid aan my voorgestel. Ek het so geredeneer, ék kan mos tot Jesus bid, terwyl sy vir my ma bid. Tot my verbasing het sy my weekliks begin kontak!



*Shizu Imahori*

Toe ek meer betrokke begin raak het, het hierdie vrou my aangespoor om haar geloof te aanvaar deur 'n godsdienstige ritueel by 'n waterval te ondergaan. Sy het gesê dit sal help om ons familie te suiwer van die bose wat my moeder se siekte veroorsaak. Ek het onthou hoe ek as kind hierdie pragtige waterval saam met my vader besoek het en het ietwat nostalgies daaroor gevoel. Ek het gedink dat ek dit maar kan probeer en daarna na die Christendom terugkeer.

Dit was bitter koud toe ek met 'n wit kleed aan in die vrieswater ingegaan het. Ek het onbedaarlik gebewe en my liggaam het geen gevoel gehad nie, terwyl die yswater teen my liggaam afgestroom het. Ek het dit verskeie kere daarna gedoen en versterk gevoel, maar na 'n paar maande het ek sleg begin voel. Ek het hospitaal toe gegaan, maar die dokter kon niks verkeerd vind nie. Vir 'n week lank was my mangels geswel en baie pynlik. Ek het begin voel dat dit 'n spirituele aanval van die vyand was en het geweet Jesus was die enigste antwoord. Te midde van my verwarring en depressie het ek uiteindelik na die Here gedraai en Hom gevra vir hulp. Ek het toe 'n stem in my binneste gehoor wat vir my gesê het, 'My God is Jesus!' en dit het luider en luider geword.

Ek het besluit om vir die vrou wat vir my moeder gebid het, te sê dat ek 'n Christen is en dat ek op die Here wil steun vir heling. Sy het kwaad geword en vir my gesê dat Jesus lief en teer is, maar dat ek beter hulp vir my familie nodig het. Sy het gesê dat hierdie soort duiwelse gees nie sal verdwyn deur Jesus te vra nie, en my gewaarsku dat slegte dinge met my familie sal gebeur as ek gaan terugkeer na my Christelike weë.

Haar kwaai reaksie het my nog meer oortuig dat ek op die verkeerde pad was. Ek was nie bang nie en was in staat om my bande met haar te verbreek deur haar duidelik te laat verstaan dat ek besluit het om alleenlik op Jesus te vertrou om my te verlos van hierdie bose gees. Ek het tot die besef gekom dat hierdie leringe en my handelinge die Heilige Gees bedroef het. Dit het my ook oortuig van my sonde. Ek het hierdie vrou begin jammer kry en vir haar begin bid.

Ek het na die kerk toe teruggekeer, my sonde bely en my lewe opnuut aan die Here toegewy. Ek was soos 'n verlore skaap wat teruggekeer het en was so dankbaar teenoor die Here wat my goedgunstiglik en met ope arms terugontvang het.

Partykeer gebeur daar dinge wat my laat bekommer, maar dan word ek gou daaraan herinner dat daar niks is om te vrees nie, want Jesus beskerm en versorg my. Ek het onlangs gedroom dat my huis omring is deur 'n vyand. Ek het vir my lewe gevrees, maar het toe besef dat ek hemel toe sal gaan as ek sterf. Ek het wakker geword met 'n gevoel van vrede en was weer eens verseker van sy getrouheid.

Omtrent 'n jaar gelede is ek gevra om die prinsipaal van 'n publieke laerskool te wees. Ek kan nie die Bybel openlik met die leerlinge deel nie, maar ek kan bid. Ek het die Here gevra om hierdie skool soos die koninkryk van die hemel te maak. Hy het my gebed beantwoord deur vier Christenwerkers te stuur: 'n wag, twee Engelse onderwysers en 'n pastoor se vrou wat gehelp het met die Engelse klasse! Die gebed en gemeenskap wat ons na skool het, is 'n wonderlike bron van bemoediging.

Bid asseblief vir my aangesien ek in 'n posisie geplaas is waar ek baie mense vir Christus kan beïnvloed. Ek deel dikwels Christelike beginsels met my leerlinge wanneer ek hulle toespreek tydens byeenkomste en gradeplegtighede. Ek hoop dat die leerlinge en personeel vrae sal vra en dat ek dan 'n bietjie van Jesus met hulle kan deel, soos wat dit in 1 Petrus 3:15 sê: ***Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.***

My begeerte is om fluks in my werk te wees, terwyl ek van my Christelike beginsels vertel en dit uitleef in my lewe. Teen die einde van my tyd as skoolprinsipaal sal ek graag openlik vir mense wil vertel dat dit alleenlik deur God se hulp was dat ons in staat is om so 'n wonderlike skool te hê. Ek weet dat ek niks kan doen uit my eie krag nie en bid dat God vir my die wysheid en moed sal gee om 'n getroue dienaar te wees. ***Bid asseblief*** dat Hy sekere omstandighede sal bewerkstellig dat ek baie geleenthede sal hê om vir Hom 'n getuie te wees. ***Bid*** dat die kinders God se liefde sal ervaar en ken."

# NUWE UITREIK - KINDERKLUB

Ons is in 'n unieke posisie om uit te reik na baie Japannese mense vir die Here, omdat hulle 'n begeerte het om hulle Engels te verbeter. Die Kinderklub is 'n nuwe uitreik wat ons gedurende September 2016 begin het vir kinders tussen 2 en 5 jaar. Personeel speel met die kinders in Engels, en leer hulle Bybelstories, terwyl die meeste van die ouers agterbly om te deel in die program.

Daar is geen Christelike onderwys vir hierdie ouderdomsgroep in ons area beskikbaar nie. Moeders

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 2/9/2016,6/9, 16/9, 20/9, 21/9, 28/9 Bybels, 30/9, 3/10, 5/10, 17/10, 20/10, 21/10.**

**ABSA BANK:- 26/8, 29/8 Bybels, 30/8, 31/8 Langeberg Bybels, 1/9, 2/9 NLM, 2/9 Hoedspruit, 12/9 Menlyn, 13/9, 15/9 Strand, 16/9, 18/9, 26/9, 28/9, 30/9, 1/10, 2/10 NLM, 6/10, 12/10 Brackenfell, 15/10 Brackenfell, 13/10 Kleinmond, 17/10, 18/10/2016.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

het dikwels 'n behoefte aan ondersteuning, terwyl hulle sukkel met die taak om die kinders groot te maak. Ons het talryke versoeke vir so 'n diens ontvang van ouers wie se kinders dieselfde kleuterskool bywoon as Alex en Eri Verwey se 4 jaar oue seuntjie (William).

Ons mikpunt is om 'n ruimte te skep waar kinders en hulle ouers met die liefde van God kan kennis maak en Jesus kan vind, terwyl hulle 'n dieper verhouding met die personeel ontwikkel. Hierdie nuwe uitreik skakel baie goed in by die ander uitreikprogramme, omdat sommige moeders hulle kinders na die Kinderklub bring, terwyl hulle een van ons Engelse klasse bywoon. Ander het hulle hele gesin ingeskryf om ons Engelse kamp by te woon en gee ons so verskeie geleenthede om verhoudings te ontwikkel en die evangelie te deel.

Ons is opgewonde oor hierdie nuwe uitreik en voel dat dit nog 'n manier is om die saad te saai en die liefde van Christus aan jong gesinne in die gemeenskap oor te dra. ***Bid*** dat die kinders en ouers Christus in ons sal sien, terwyl ons hulle bedien met die evangelie. ***Bid*** dat baie ontvanklik sal wees vir die evangelie aangesien die Kersseisoen spesiale geleenthede bied om die Goeie Nuus te deel.

## JAPANORAMA - KINDERS IN JAPAN

Japan is 'n goeie plek om met kinders te reis, want die normale bekommernisse wat ouers het oor veiligheid en higiëne is geensins 'n probleem nie, omdat Japan uiters veilig en skoon is. Dit is baie algemeen om 'n klein 6-jarige te sien wat 'n groot skooltas dra en vir baie kilometers alleen na en van die skool stap. Vrywillige oppassers is dikwels aan diens naby gevaarlike plekke, soos spoorwegoorgange of groot interseksies om hierdie kinders veilig skool toe te help. Bydraende faktore sluit in 'n baie lae misdaadsyfer en die feit dat die meeste gesinne in Japan van openbare vervoer gebruik maak omdat hulle nie 'n motor besit nie.

## GEBEDSVERSOEKE

▪ Kersfees is 'n spesiale tyd van die jaar wanneer Japannese mense geïnteresseerd raak in die Christendom. Japansendingwerkers is dan baie besig, neem deel aan evangeliese byeenkomste, konserte en partytjies. Ons onderwysers sal betrokke wees by oor die 100 byeenkomste in verskeie kerke om diegene in die plaaslike gemeenskappe te bereik wat begeer om meer te leer oor die betekenis van Kersfees. ***Bid*** dat baie bereik sal word deur hierdie uitreikgeleenthede.

▪ Japansending het onlangs 'n twee dae lange Engelse kamp in die berge vir Engelse leerders gehou. Baie het die evangelie gehoor terwyl vriendskappe gebou is. ***Bid*** dat hierdie studente sal reageer op die saad wat in hulle harte gesaai is.

▪ Dawid en Sue Verwey beplan 'n besoek aan die Weskus van Kanada en die VSA om Japansending se kontakte en kerke te besoek gedurende April en Mei 2017. ***Bid*** vir beskerming en dat die Here hulle die vermoë sal gee om die visie van die werk effektief oor te dra.

## VOLG ONS OP FACEBOOK EN YOUTUBE

In die afgelope 20 jaar het die wêreld van nul tot oor die een biljoen internetgebruikers gegaan. Ons is deeglik bewus daarvan dat indien ons effektief en relevant wil bly, ons met die tyd sal moet verander. Ons is besig om ons webtuiste en media-inhoud op te gradeer. Volg ons op Facebook by: www.facebook.com/japanmission.jm

Kyk asseblief na die video van die wonderlike tyd wat ons gehad het tydens ons Engelse kamp met leerders van verskeie kerke, sowel as ander video's oor Japansending op YouTube:
www.youtube.com/user/thejapanmission

## SPESIALE DANK

Ons wil elke persoon bedank wat getrou bid en die werk van Japansending gedurende 2016 ondersteun het. U het 'n belangrike rol gespeel om ons te help om die Here se werk te bevorder. Ons prys die Here vir baie veranderde lewens, die leiding van die Heilige Gees en sy getroue voorsiening en beskerming.

▪ ***Mag HY vir u seën tydens hierdie Christusfees en vir u bewaar en gebruik in Sy diens gedurende die onbekende Nuwe Jaar. As 'n blyk van opregte waardering stuur ons graag aan u 'n kalender vir 2017.***

***Indien daar enige verandering moet aangebring word in u adres op die koevert waarin u die brief ontvang het, sal ons dit baie waardeer as u ons asseblief laat weet.***

▪ Indien u nie 'n Japansending Gebedsgids vir 2016 ontvang het nie, of nog daarvan benodig, kontak asseblief ons kantoor in Pretoria en dit sal met graagte aan u gestuur word.